M.E.T.
MOBILE EVANGELISATION TENTS

The truth shall set them free

November 2009

In hierdie uitgawe:

Die Heilige Gees met 'n seremonimeester vergelyk!	1
Wes Kaap	3
Empangeni Tent	4
Veldtog te Bray	5
Vrystaat	6
Vryheid	7
Kamp deur Peter Hammond	8
Uit die Admin. Kantoor	11
Gebed:	11

Adres:
Posbus 777
Greytown
3250
Tel en Faks: (033) 413 1515
Sel: 072 358 7550
E-pos: met@greytown.co.za
Web : www.met.org.za

Bank Besonderhede:
ABSA,
Greytown,
Rekening NR 1910560340

Non-Profit Organisation Reg. No.: O55-756-NPO

Nuusbrief

Die Heilige Gees met 'n seremonimeester vergelyk!

Joh 16:13, 14: Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar ***alles wat Hy hoor***, ***sal Hy spreek*** en die ***toekomstige dinge aan julle verkondig***. ***Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.***

'n Seremonimeester moet oa. aan die bruidegom eer gee.

'n Seremoniemeester by 'n troue sal al die lig en aandag op die bruidegom laat val. Al die deugde, kennis van en bekwaamhede van die bruidegom sal aan die gaste deurgegee word. 'n Seremoniemeester wat dit nie doen nie, is die naam seremoniemeester nie werd nie!

"Hy sal My verheerlik… ." Die Gees is nie gestuur om Sy eie of 'n nuwe koninkryk te vestig onder die vaandel van die Gees nie. Die Gees is nie gestuur om **mense se aandag** op Homself en die bonatuurlike manifestasies van die Gees of wonderwerke van die Gees te vestig nie! Die Gees is nie gestuur **om middelaar** tussen ons en God of Jesus te wees nie. Hy is nie die segsman of woordvoerder **met wie ons moet praat** soos wat baie doen as hulle in die gebed met die Gees praat: "Kom Heilige Gees en doen...werk...gee..." Die Heilige Gees fokus nie die mense se aandag op Homself nie: "Can you feel the Holy Spirit?" Die Gees maak ons nie meer Heilige Gees bewus nie!

Jesus self sê dat ware herlewing geken sal word aan die werk van dié "Seremoniemeester". "Hy sal dit neem ***uit wat aan My behoort"*** (*ek tou emou (grieks) - uit* ***dit wat syne of eie is aan Hom is***, "en aan julle verkondig" (aan ons deurgee of wys.) Hy sal Homself nie verheerlik nie! "Jesus antwoord: As Ek Myself verheerlik, is my heerlikheid niks nie.

Dit is my Vader wat My verheerlik..." (Joh 8:54) Dit is die werk van die Seremoniemeester.

"The glory of kings lies in their silver and gold, their silk and gems, but the glory of Christ lies in Himself."
- C H Spurgeon -

Ware herlewing is dus nie waar daar 'n opgewondenheid is oor die Gees, Sy gawes en wonderwerke nie (want die Gees verheerlik nie Homself nie!) maar **waar mense uit 'n diens kom oorweldig deur 'n bewondering vir wat *eie of kenmerkend* is van Jesus Christus:-**

- Sy Persoon: Hy is God (Kol 1:15), die Skepper self (Heb1:1-2) wat homself verneder het en die gestalte van 'n dienskneg aangeneem het toe Hy mens geword het. Sy vleeswording is een van die grootste wonderwerke. Daar sal nooit weer so 'n 'mens' gebore word nie. Paulus het gesê: "Ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde." (1 Kor 2:2)

- Sy Woord: Die Gees is soos die luidspreker. Hy gee net deur wat van die mikrofoon (Christus die Woord) kom, want "***alles wat Hy hoor*** *(van Christus),* ***sal Hy spreek***." (Joh 16:13) Die Gees werk deur die duidelike uitleg van die Woord van God: "Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; ***die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.***" (Joh 6:63) Alle sg. herlewings wat nie kom uit suiwer Woord (= Christus, Joh 1:1) verkondiging nie, is die naam herlewing nie werd nie.

- Sy lewe: Kyk na Sy lewe. Nooit weer sal daar iemand so wonderlik wandel op hierdie aarde nie. Nooit weer sal iemand sulke liefde openbaar of sulke wyshede spreek nie. Sy woorde en lewe het deur die eeue, mense en regerings deursuur. Ons kalender herhinner ons dat Hy hier was. (Vanjaar 2009 jaar na Sy geboorte)

- Sy dood: Daar was baie helde wat gesterf het, martelare wat ook gely het, maar daar was nooit weer iemand soos Jesus nie. Daar is geen ander godsdiens op aarde met so 'n wonderlike verhaal nl. dat God self mens geword het om as mens onder my naam, my straf aan die kruis te ontvang, sodat ek nooit weer oor my sonde gestraf hoef te word nie.

- Sy opstanding en hemelvaart: Al die 'gode' van alle godsdienste, van Buddha tot Mohammed, lê nog in hul grafte. Jesus se graf is leeg. Hy het opgestaan. Met engele begeleiding het Hy opgevaar. Daarna het Hy gaan sit aan die regterhand van God waar Hy vir sy kinders intree.

- Sy wederkoms: Hy kom weer en elke knie sal voor Hom buig; elke oog sal hom sien en elke tong sal bely dat Hy die Christus is. (Rom 14:11) Dit is die Gees wat "... die toekomstige dinge aan julle verkondig."

Herlewing is wanneer d**ie Heilige Gees die werk doen van 'n seremoniemeester.**

Onderskei!

Wees gewaarsku wanneer **wonderwerke, manifestasies van die gees en die**

geestelike charisma, kennis en gawes van die prediker mense so betower het, dat hulle oor niks anders kan praat as oor die werking en teenwoordigheid van die gees deur die besondere 'annointed' prediker. Populariteit was nog nooit 'n bondgenoot van die waarheid nie! Dan het ons met 'n valse herlewing en dalk 'n valse profeet te doen! Waarom? Die Seremoniemeester was nie daar om Sy taak te verrig om die bruidegom 'op te lig' nie – al was die naam van Jesus so talryk soos konfetti gestrooi gedurende die diens!

Wees gewaarsku wanneer mense uit sg. herlewingsdienste kom met 'n bewondering vir en **bewustheid van die Gees!**

Wees gewaarsku wanneer dit 'n herlewing genoem word a.g.v die **groot skares** wat die dienste bywoon.

Wees gewaarsku wanneer die dienste gekenmerk word deur **nuwe manifestasies** van die 'gees' waarvoor daar nie duidelike Nuwe Testamentiese ondersteuning is nie! Ware herlewing kom as die ou-ou tyding van die Woord gebring word. Dit sal altyd nuut wees om dit weer te hoor!

"Step into the average church these days and you will likely see that the services are designed more to remove the fear of God than to promote it."

- Steve J Lawson (Made in our image: What shall we do with a user-friendly God?) -

Wes Kaap

Ons het CD-spelers asook boodskappe- en Bybel voorlesings op CD oorhandig aan mense wat nie kan lees nie. Die trane het letterlik oor ouma Maggy se wange gerol van dankbaarheid vir die geskenk. Sy is 'n toonbeeld van iemand wat waarlik 'n pad met die Here stap. Elke keer as ons by haar aandoen, loop sy oor van lof en eer aan die Here. Dit te midde van die uiters moeilike pad wat sy loop met haar seun van 35 wat sedert sy geboorte gemiddeld vier epileptiese aanvalle per week kry. Toe ons haar besoek, het sy juis voor twee broodpanne vol deeg gesit, en die Here geloof vir die meel wat Hy daardie oggend voorsien het om hul enigste ete te bak. Ons het net weereens besef dat God die onmoontlike kan doen nl. om 'n mens soos tannie Maggy, uit die mag van alkahol en sonde te verlos.

Ouma Maggy en haar seun Isak. Bid asb. ook vir sy redding.

Ons vra ernstige voorbidding vir die verdeeldheid onder die gelowiges in die Porterville distrik. Die onderskeie groepies wat oornag soos paddastoele opstaan, kom gewoonlik tot

stand a.g.v. **verdeeldheid** onder mekaar.

Hierdie groepies opereer letterlik soos faksies wat mekaar opponeer. Daar is gedurig spanning, konflik en vegtery onder mekaar en dit is geen getuienis voor ongelowiges nie. Hierdie situasie bemoeilik ons geestelike werk. Ons is besig met 'n strategie om met die geestelike leiers hieroor in gesprek te tree. Bid asb. vir wysheid en dat die Here hulle harte ontvanklik sal maak.

Een aand tydens opvolgwerk het ons op 'n groep jongmense afgekom wat met entosiasme besig was om klaar te maak vir 'n diens. Toe ons hulle vra of hulle gered is, het hulle dit met groot sekerheid bevestig. Daarna is ons na 'n volgende plaas waar 'n gelowige vrou ons bemoedig deur te sê dat sy skoon jaloers is oor wat die Here op die buurplaas onder die jeug doen. Sy het vertel van verskeie jongmense wat tydens ons vorige veldtog daar kragdadig by die Here uitgekom het.

Op ‘n ander plaas moes ons een Vrydagaand met groot teleurstelling terugkeer huis toe omdat al die plaaswerkers in ‘n besope toestand verkeer het. By nadere ondersoek sou ons vasstel dat die bestuur van die plaas daardie middag 'n braai vir die werkers gehou het en die werkers van drank voorsien het. Ons het aan die teksvers gedink: “Want dit is noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mens deur wie die struikelblok kom.” (Mat 18:7)

Empangeni Tent

Die tentveldtog is te Emthunzini gehou. Die gasheer gemeente was die Christian Centre. Aanvanklik het die reën die mense weggehou maar later het die mense in groot getalle opgedaag. Dit is ‘n rustige gemeenskap in teensteling met vorige veldtogte in die omgewing waar daar baie Shembe’s is. Die plaaslike mense is suikerriet boere.

Ons is dankbaar oor oa. die twee vyf-en-twintigjarige jongmanne wat vir hulp gekom het. Shandu, ‘n sekuriteitswag, was die eerste een wat gekom het. Hy is gepla deur drome van die tokkelossie. Die verligting na sy bevryding was so radikaal dat hy daarna ‘n vriend gebring het. Die vriend het ook tot bekering gekom.

Ntombi Dlamini is ‘n vyf-en-veertigjarige vrou wat gekla het oor pyne in haar hele liggaam ‘n swariheid oor haar skouers. Dit was die Ndigi, Amandawo en Izizwe geeste wat haar gepla het. Sy het so gesond gevoel na haar bevryding, dat sy weer na haar werk kon terugkeer. Een van ons groot probleme in die gebied is die houding van die

“Evangelism must start with the holiness of God, the sinfulness of man, the demands of the law, and the eternal consequences of evil.”

– Dr Matin lloyd-Jones-

leiers van die Sioniste groepe wat hul lede verbied om die tentdienste by te woon. Daar is geen evangeliese kerke nie en die tent is om die rede ‘n bedreiging vir die sioniste leiers. Hulle is bang hulle verloor lidmate wanneer hulle die regte evangelie hoor. Wat wonderlik van die veldtog was, is dat die leraar van Church of Christ ook met die werkers kom praat het. Die kerk het ‘n mooi naam maar is einlik ‘n kultus. Hy was so opgewonde oor die antwoorde wat hy van die werkers gekry het dat hy besluit het om sy kerk meer Bybels- evangelies te swaai.

Ons dank die Heer vir die seën van hierdie veldtog.

Veldtog te Bray.

Op 9 Junie 2009, na 14 uur se ry met die bakkie en 'n 3 ton sleepwa arriver ons by Ds. Johannes de Koning se huis op Bray, naby die Botswana grens.

Die span het bestaan uit Vusi van Molteno, Samuel Mokoena van Petrus Steyn, Paul van Botswana, Japie en sy seun Stephan. Ons het heerlik saamgewerk. Terwyl Japie en Stephan die tent opgepas het, het die ander huisbesoek gedoen.

Van links na regs:
Vusi, Samuel Mokoena en Paul.

Die SAPD van Bray en die koskombuis vir AIDS pasiënte is ook bedien.

Elke oggend tydens die Bybestudie het meer en meer van die plaaslike mense by ons aangesluit. Ons het geëindig met 9 plaaslike mense wat saam met ons Bybelstudie kom doen het.

Van die begin af het die AGS pastoor ons by die inwoners van "New Town" betrek.

Ons het die voorreg gehad om met 'n klompie AIDS pasiënte te kon gesels. Sommige het hul saak met die Here reggemaak terwyl ‘n ander hardkoppig geweier het.

Die eerste persoon wat na die tent gekom het vir gebed was 'n bejaarde vrou met hart probleme. Sy was by ‘n mediese dokter en daarna na haar kerk waar sy geseënde toue gekry het wat sy om haar arm en middel moes bind. Dit alles het nie gewerk nie. Sy het baie moedeloos by die tent opgedaag. Na 'n lang gesprek het sy die toue afgehaal en besluit om haar vertroue in die Here te plaas. Sy het 'n paar dae later weer gekom sodat ons vir haar kon bid vir genade. Haar

AIDS pasiënte kom uit die tent na 'n diens vir hulle.

onveranderde siekte toestand het sy moeilik verwerk. Teen die einde van die veldtog het sy na die tent gekom met 'n gesig wat straal. Die hart het nog steeds gepla maar sy was blymoedig.

Ons het met 'n middlejarige bruin vrou gesels oor geloofsekerheid. Elizabeth het gekom om haar saak met trane met die Here reg te maak. Dit was asof die lig vir die eerste keer deurgebreek het. Die Woord sê tog tereg: "die waarheid sal hulle vrymaak". Die laaste aand nadat ons die tent afgeslaan het, het Elizabeth weer na ons gekom om dankie te sê.

Die span het talle gesprekke gehad met jong mense oor hul losbandige leefstyl. Hulle word nie in hul kerke gekonfronteer met hulle sondige leefstyl nie. 'n Hele aantal van hierdie jong mense se lewens is in chaos vanweë verkeerde keuses wat hulle gemaak het. Hulle leef in ‘n samelewing waar almal losbandig lewe.

Wilma het gekom vir gebed. Sy is ongeletterd en voel soms minderwaardig daaroor. Ons was diep geraak deur haar getuienis. Sy dien die Here reeds 'n paar jaar. Sy gebruik die staat se toelaag om vir haar kind te sorg. Ons kon in Wilma se lewe sien dat geletterdheid en wysheid niks met mekaar te doen het nie. Hierdie vrou kon nie lees of skryf nie, maar sy is wyser as baie ander wat geletterd is maar hul daagliks vergryp aan die drank. Haar man het ook 'n groot drank probleem, maar sy staan baie sterk. Bid asb. vir haar.

Alhoewel die voertaal Tswana was, was dit steeds 'n wonderlike ervaring om deel van God se verlos-singswerk in mense se lewens te wees.

Ons terugrit het 13 uur geneem.

✉1290 • Vryheid • 3100
www.safariproperties.co.za

Valuer • Appraiser • Property and Agricultural Consultant
Waardeerder • Taksateur • Eiendoms en Landbou Konsultant

SAFARI PROPERTIES / EIENDOMME

F.J. Pretorius M.Sc (Agric) E.A.A.B
☎ +27 34 983 3722
+27 82 893 5073
francois@safariproperties.co.za

Ons spesialiseer in wildplase in KZN, maar verkoop ook enige ander eiendom veral in Noord KZN.

Tans bied ons verskeie wildplase aan om in aandele blokke verkoop te word .

Vryheid tent

Baie van die berading wat gedoen word by die tente is met mense wat aan geen kerk behoort en deur baie trauma is. Nokuthula, ‘n negentienjarige dogter en haar broer is weeskinders. Hul ouers is beide oorlede. Daarna het hulle by hul oupa en ouma gaan woon. ‘n Brand wat hul grootouers verkool het, het hulle sonder woonplek gelaat. Haar broer het later selfmoord gepleeg. Sy het ook selfmoord oorweeg. Die werkers het haar die weg van saligheid verduidelik. Bid vir Nokuthula dat sy Christus as verlosser en God as haar vader sal aanvaar.

Waar die ouer mense dikwels moeilik is om te bereik, is dit bemoedigend wanneer ‘n vyf en sestigjarige vrou haar vertroue in Christus se verlossing stel. Die Here het haar gesondheids probleme gebruik om haar na die tent te bring. Nadat daar vir haar gebid is en ‘n dramatiese beterskap ingetree het, het sy ‘n vriendin na die tent gebring. Bose geeste het haar snags vasgedruk en sy het ook met haar gesondheid gesukkel. Sy was al moeg om na die tradisionele geneeshere te gaan want daar was geen beterskap nie. Sy het tot bekering gekom en het ook ‘n dramatiese genesing ervaar. So het talle ander tot redding

Bergville tent brand af!

Op 13 Augustus, tydens 'n veldog, terwyl 'n tent vol mense na die Evangelie gesit en luister het, het brandstigters die veld naby die tent aan die brand gesteek. Die gevolg was dat die tent afgebrand het. Niemand is in die voorval beseer nie, en ten spyte van die verlies van die tent het die veldtog in die gemeenskapsaal voortgegaan. Ons dank die Here dat, te midde van die verlies van die tent, kosbare siele by die Here uitgekom het.

Psa 104:4 sê “...wat van die winde sy boodskappers maak, van vuurvlamme sy dienaars.”

Bid asb vir die werkers van die Vryheid tent.

gekom en het bevryding van demoniese probleme of genesing ervaar.

Ons loof die Here vir ‘n besondere geseënde veldtog.

Vrystaat span.

Die laaste veldtog was te Vrede. Ons dank die Here vir die genadewerk wat Hy in talle harte gewerk het. Talle Sioniste het hul toorgoed gebring om verbrand te word en het ‘n oorgawe aan Christus as hul verlosser gedoen.

Japie van Kampen neem 'n beroep aan na 'n gemeente in Newcastle.

Na 11 jaar by MET, 5 jaar daarvan as Bestuurder, het Japie besluit om voltyds by 'n gemeente betrokke te raak. Hy laat 'n groot leemte na omdat hy besondere o.a. organisatoriese gawes het wat die sendingaksie baie meer profesioneel en vaartbelyn gemaak het. Ons is baie dankbaar vir die werk wat hy gedoen het. Sy vrou sal steeds ons web-tuiste en nuusbrief hanteer. Japie se bekwaamhede is egter nie vir ons verlore nie en sal nou as raadslid steeds betrokke bly en help waar dit vir hom nog moontlik is.

Kamp deur Peter Hammond:

Van 10 tot 13 September was ons jaarlikse werkerskamp wat deur 46 geestelike werkers en besoekers bygewoon is. Peter

Vervolg op Bladsy 9

Jarelange werker van MET oorlede!

Baba Zakwe, soos ons hom genoem het, is oorlede. Hy was van die begin af saam met Denzel betrokke by die werk. Hy het ‘n baie kragtige getuienis van bekering gehad. Hy was vir baie lank ‘n baie siek man. ‘n Swart geestelike werker het hom op sy siekbed besoek en hom van Jesus Christus vertel. In sy nood het hy op sy eie God uitgedaag en gesê: ‘As hierdie Jesus ook die verlosser van die swartmense is, laat Hy my gesond maak.’ Die volgende oggend was sy familie geskok om hom gesond buite sy hut te kry. Dit was die begin van sy lewe met Christus.

Hy is vir tientalle jongmanne wat vandag voltyds in diens is (nie net van MET nie maar ook ander organisasies en kerke) 'n geestelike vader. Op een staduim was daar vier van sy kinders in diens van MET. Denzel beskryf hom as 'n "godsman", ‘n vriend, 'n broer wat ook vir hom ‘n groot seën was. Ons sal hom baie mis. Sy soort is dun gesaai! Ons dank die Heer dat Hy Zakwe soveel jare vir ons geleen het. Sal ons nie ook bid dat die Here nog sulke kwaliteit manne in die bediening sal

Hammond van Frontline Fellowship was die spreker. Die Here het finansieël wonderlik voorsien sodat ons die stywe begroting vir die kamp kon betaal. Geestelik was dit seker een van die mees geseënde kampe wat ons tot nog toe gehad het. Dit was 'n deeglike toerustingskamp en elke werker het 'n sertifikaat aan die einde van die kursus ontvang.

Die werkers is deeglike toegerus met inligting oor die Islam en die aanslag veral op lande soos die Soedan en die RSA. Die Evangelie, soos dit behoort verkondig te word, is ook met groot entosiasme oorgedra aan die werkers. Ons was so jammer dat daar nie duisende meer was wat kon deel in die seën van die kamp nie!

UNIVERSAL TROPHY SERVISES cc

CK 2003/050989/23
Tel: 0027 12 811 0655
Fax: 0027 12 811 1060
E-mail:
info@universaltrophyservices.co.za
P.O.Box 11526, Tiegerpoort, 0056, Pretoria,
South Africa, Plot 114, Bashewa, Pretoria

* We're a registered Taxidermy Facility offering a top quality "dip & ship" services.
* We do packaging, crating and exporting of trophies & curio's.
* We do tanning and skull mounting within 3 - 4 months.
* We're competitively priced.
* We're compliant with International Import & Export regulations

"And that is why so many are fately deceived, for there are multitudes who wish to escape the lake of Fire who have no desire to be delivered from their carnality and worldliness."

-A W Pink: Saving Faith: Part 1. -

"The essence of evangelism is to start by preaching the law; and it is because the law has not been preached that we have so much superficial evangelism."

- Dr Marti Lloyd-Jones -

"A sinner will never receive grace until he first trembles before a just and holy law."

- C H Spurgeon -

"If the Church continues to preach a lawless man-centered Gospel, she will continue to reap false conversions. She will find herself powerless and full of unrepented sinners……. "

-Anon-

Uit die Admin. kantoor

Aangesien MET se boekhouding jaarliks ge-oudit word, het Ria die groot taak om volgens die regulasies en spesifikasies wat deur die Ouditeure voorgeskryf word, te werk. Sy moet op hoogte bly met die regulasies van SARS en voel sy wil met 'n skoon gewete by die ouditeure sit, met die wete dat sy aan al die voorskrifte voldoen het.

Die Boekhouding en Administrasie verg baie van haar en sy het ook voorbidding en baie Genade nodig!

Gebed:

Danksegging:

- Dank die Here vir die veiligheid en bewaring van die werkers die afgelope jaar,
- vir finansiële voorsiening en
- vir ons kantoor personeel (Ria en Stephanie).

Versoeke:

Algemeen:

- Bid vir die jaareind gesamentlike veldtog te Emmaus sendingstasie, Bergville, vanaf 10 November. Al MET se werkers sal by die veldtog betrokke wees.
- Drie van die werkers is besig met troureëlings en benodig lobola.
- Die meeste van die spanne kort nog voltydse werkers. Bid dat die Here 'n oes van jongmanne sal gee.
- Bid vir die herstrukturering van die werk noudat Japie 'n leemte gelaat het.
- Bid vir die tentleiers; vir geesvervulde passie en visie vir 'n verlore wêreld.
- Finansiële behoeftes van die werkers.

Vryheid span:

- Bid asseblief vir elkeen van die werkers persoonlik.

Die spanlede is Samson Msimango (Tent leier), Joseph Nthlapo, Sibisi, Vusi Ghama (Opvolg).

- Bid vir Samson Msimango, dat hy leiding sal neem soos die Here dit van hom verwag.
- Bid asb. vir die werkers dat hulle onverskrokke die volle raad van God sal bly verkondig.

Empangeni span:

Bid vir die spanlede: Hulle is Khubeka (Tent leier), Shobede, Dladla, Samuel Khoza (Opvolg) en Stanley Mthemba (student).

- Daar is steeds 'n behoefte aan nog 'n opvolgwerker in die span.
- Eenheid in die span
- Al die verskillende behoeftes van die span.

- Khubeka (tentleier) en Dladla soek nog na ‘n eie huis.

Vrystaat:

- Bid asb. vir Samuel en Maureen wat ook voltyds in die OVS besig is.
- Bid dat die Here ‘n honger en dors na God in die harte van die jongmense van die OVS sal werk.
- Bid dat die werk blywend in hul harte sal wees.
- Bid asb. vir nog werkers wat by die tent benodig word.

Wes-Kaap:

-Bid asb. vir Nico en Simon en vir hul program vir volgende jaar.

-Bid vir Nico se seun, Ryno, tans op Bybelskool.

-Maryna, sy vrou, doen barmhartigheidswerk en het ook gebed nodig.

Admin:

- Die afdeling word behartig deur Ria en Stephanie.
- Bid asseblief vir Ria wat agter die skerms die groot taak het om die boekhouding en administrasie van MET te hanteer.

Pastorale versorging:

Denzel en Anna-Marie is verantwoordelik vir die pastorale versorging van die werkers. Bid asb. vir hierdie taak wat hulle moet verrig.

Ons bid al ons medewerkers, voorbidders en ondersteuners ‘n baie geseënde Christusfees en rus toe.

Groete in Christus

Die MET werkers en Raadslede.